



MOONTLIKE ONDERHOUDSVRAE

Algemene vrae

- Vertel ons van jouself.
- Vertel ons van jou ondervinding.
- Hoekom het jy aansoek gedoen vir hierdie betrekking?
- Het jy vir enige ander poste aansoek gedoen?
- Hoekom is daar 'n gaping in jou werkgeskiedenis? *
- Hoe sou jou kollegas jou beskryf?
- Waar sien jy jouself oor 5 jaar?
- Hoekom wil jy by hierdie skool werk?
- Vertel ons meer van jou stokperdjies.
- Wat is jou kort- en langtermyn doelwitte?
- Wat sien jy as sukses?
- Hoe gaan jy die skool bemark?
- Hoe sal jy konflik tussen ouers en onderwysers, asook leerders kan hanteer?
- Hoe sal jy konflik met leerders hanteer?
- Hoe sal jy konflik met kollegas hanteer? Hoe sal jy dit hanteer wanneer jy van 'n kollega verskil?
- Wat was jou moeilikste klassituasie ooit?
- Hoe hanteer jy dit as 'n leerder jou 6 keer dieselfde ding vra?
- Hoe sien jy jou rol by die skool?
- Hoe sal jy vir 'n ouer verduidelik wat die nut is van 'n taak wat die leerder moet doen?
- Sal jy een aand saam met 'n ouer gaan kuier?
- Hoe sal jy dissipline in die klaskamer hanteer?
- Hoe voel jy oor onderwysers wat staak?
- Hoe sal jy 'n kind help wat akademies swak is?
- Wat is jou mening van inklusiewe onderwys en hoe pas jy dit toe?
- Hoe hanteer jy leerhindernisse in jou klaskamer?
- Hoe sal jy die SIAS-beleid in jou klas implementeer?
- Kan jy sport afrig? Het jy 'n toepaslike kwalifikasie en/of ondervinding?
- Verduidelik 'n fondsinsameling wat jy by die skool sal loods.

Sluit vandag nog aan | Join today


012 436 0900



- Hoe hanteer jy kritiek/komplimente?
- Wat is jou sterk en swak punte?
- Hoe voel jy oor die gebruik van 'n selfoon by die skool.
- Wat wil jy graag verander by die skool?
- Hoe sal jy sosiale media (bv. Facebook) in jou klas hanteer?
- Wat is die doel van die beheerliggaam?
- Jy voel dat jou HOD jou onregverdig behandel het, hoe hanteer jy die situasie?
- Hoekom het jy op onderwys as beroep besluit?
- Op watter wyse is jy betrokke in jou gemeenskap?
- Hoekom dink jy is jy 'n rolmodel vir leerders?
- Wat is die eienskappe van 'n goeie opvoeder? Besit jy enige van die eienskappe?
- Het jy 'n noodhulp kwalifikasie? Hoe sou jy 'n noodsituasie hanteer?
- Mag jy medisyne toedien?
- Is jy bereid om leerders op skooltoere te vergesel?
- Hoe bestuur jy tyd? Motiveer.
- Werk jy goed onder druk?
- Is jy bereid om deel te neem aan Persoonlike Ontwikkelingsaktiwiteite?
- Hoe moet onderwysers aantrek?
- As jy 'n probleem het (bv. jou punte is nie gereed nie), hoe sal jy dit hanteer?
- Daar kan van jou verwag word om naweke by buitemuurse aktiwiteite betrokke te wees of op toere te gaan. Hoe voel jy daarvoor?
- Beskryf jouself in 'n werksituasie.
- Hoe gaan jy 'n groot klas hanteer met verwysing na differensiasie, dissipline en onderrig?
- Vertel my van jou huidige skool en posisie.
- Werk jy beter in span of op jou eie?
- Hoe gaan jy ouerbetrokkenheid bevorder?
- Hoe akkommodeer jy die verskillende leerstyle?
- Watter buitemuurse aktiwiteit is jy bereid om aan te bied?
- Hoe hanteer jy administratiewe take en is jy georganiseerd?
- Jy word aangespreek oor jou kleredrag. Hoe hanteer jy dit?
- Wat kan jy ons skool bied?

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900



SERVING INCLUSIVE, PUBLIC AND INDEPENDENT SCHOOLS | DIEN INKLUSIEWE, OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE

- Hoe hanteer jy 'n kind wat geboelie word of met 'n lae selfbeeld?
- Hoe sal jy diversiteit in jou klaskamer en die skool bevorder?
- 'n Leerder in jou klas gesels onophoudelik. Hoe sal jy die situasie hanteer?
- Wat weet jy van ons skool?
- Wat is jou opinie oor lyfstraf?
- Hoe sal jy leerders wat vinniger as die ander werk akkommodeer?
- Hoe maak jy seker dat jy tyd vir jouself maak, maar steeds alles doen wat van jou verwag word?
- Hoe kan jy leerders se houding teenoor Afrikaans as Addisionele taal verander?
- Wat is die doel van SBL (Skoolbeheerliggaam)?
- Wat is jou siening van die KABV (CAPS) en hoe bied jy dit kreatief in die klaskamer aan?
- Hoe sal jy tegnologie in jou lesaanbieding inkorporeer?
- Wat is die 21ste eeu vaardighede wat jy graag vir jou leerders sou wou leer? Hoe leer jy dit vir die leerders in jou klas?
- Wat is jou gunsteling vak en waarom?
- Assessering – Assessering vir Leer (Assessment for Learning) / Assessering van Leer (Assessment of Learning)
- Wat is jou onderrigstyl?
- Hoe lyk 'n goeie grondslagfase klas?
- Dink jy klasreëls is belangrik en waarom?
- Wat is jou siening oor huiswerk?
- As leerders nie die werk verstaan nie, hoe sal jy hulle ondersteun?

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900



Maar wat antwoord ek?

- **Hoekom moet ek jou aanstel?**

Maak seker dat jy nie onvoorbereid is nie en doen vooraf jou huiswerk oor die pos. Die maklikste antwoord is dat jy die beste kwalifikasies vir die pos het. Jou doelwit is om te wys dat jy die mees geskikte kandidaat is, so moenie bang wees om te sê hoekom nie. Staaf hierdie stelling met dit wat jou laat uitstaan. Gaan die posbeskrywing na om die vaardighede en kennis wat nodig is te identifiseer en verwys dan ondervinding uit jou verlede wat die nodige vaardighede en ondervinding demonstreer.

- **Hoe sal jy konflik tussen ouers en onderwysers, asook tussen leerders kan hanteer?**

Beskryf jouself in 'n werksituasie. Praat dus oor jou opleiding, vermoëns, prestasies en vorige werksondervinding en hoe dit jou in jou nuwe werk gaan help. Doen navorsing oor die skool...leuse, visie en misie ens... hoekom het jy op onderwys as beroep besluit... hoe hou jy die kinders se aandag by die werk...

- **Hoe hanteer jy kritiek van jou Departementshoof?**


Watter vermoëns of vaardighede het jy nodig om hierdie werk te kan doen? Maak 'n lysie van jou vaardighede wat jou onderskei van die res van die aansoekers. Noem byvoorbeeld dat jy passievol is oor jou werk en gee voorbeelde daarvan. Miskien lees jy relevante tydskrifte, of dalk volg jy aanvullende kursusse. Verkoop jouself deur hoe jy jouself hanteer in die onderhoud.

- **Wat is jou swakste eienskappe?**

Fokus hier op jou werk en nie op jou karakter nie. Probeer om die negatiewe om te swaai in 'n positiewe. Jy kan byvoorbeeld iets sê soos: "Ek is geneig om perfeksonisties te wees. Ek wil altyd alles 100% reg doen en is nogal hard op myself."

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900



- **Wat is jou sterkste eienskappe?**

Hierdie is jou kans om te wys waar om jy die geskikste kandidaat is. Miskien floreer jy onder druk, of hou jy daarvan om ander te motiveer. Dalk is jy geneig om altyd goeie oplossings te bied vir probleme. Dink aan voorbeelde om te illustreer.

Jy voel ongelukkig oor 'n situasie. (Verskil van n kollega of hoof of word onregverdig behandel) Hoe hanteer jy dit en watter stappe neem jy?

- **Hoe hanteer jy konflik by die werk?**

Noem byvoorbeeld dat jy verkies om dinge uit te praat en dat jy bereid is om na 'n ander se mening te luister. Noem dat jy nie wrokke koester nie en dat jy kan erken as jy verkeerd is. Jy is bereid om die minste te wees.

- **Waar twee pesone in bestuursposte elkeen van jou verwag om sy werk dadelik te doen, hoe hanteer jy dit?**

Hierdie is nie regtig 'n slinkse vraag nie. Jy kan dalk voorstel dat jy en die twee bestuurders vinnig bymekaar kom sodat daar onderskei kan word tussen die dringendheid en belangrikheid van die take. Moontlik is albei dringend, maar een se spertyd is dalk vroeër as die ander.

- **Vertel my van jou huidige werk.**

Moet nooit iets negatief oor 'n vorige of huidige werkgewer sê nie. Vertel liever wat jy by die skool geleer het en hoe dit jou loopbaan bevorder het. Wanneer jy gevra word waarom jy jou huidige pos wil verlaat, noem my dat jy op soek is na nuwe uitdagings en verdere geleenthede vir groei.

- **Wat is jou kort- en langtermyn doelwitte?**


Skole soek werknemers wat beplan om by hulle te bly. Jou antwoord moet dit weerspieël. Noem dat jy op die korttermyn daaraan wil werk om 'n kenner op jou gebied te word.

- **Werk jy beter op jou eie of in 'n span?**

Dit word gewoonlik van jou verwag om beide op jou eie en in 'n span saam te werk. Noem dat jy goed in 'n span werk, maar dat jy ook in staat is om onafhanklik te werk. Wees eerlik, vol selfvertroue en oortuig

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900



die onderhoud paneel dat hul skool beter af gaan wees met jou in hul personeel.

- **Wat motiveer jou om hard te werk?**

“Geld” is nie ‘n goeie antwoord nie. Sommige mense werk hard omdat hulle ‘n verskil in die wêreld wil maak. Ander wil leiers op hul gebied word.

- **Wat is jou salarisverwagting?**

As jy reeds weet wat die salaris is wat aangebied word, hou daarby. So nie, vind uit wat ‘n markverwante salaris is. Noem dat jy bereid is om te onderhandel indien dit ‘n BL-pos is. Departementele salarisse is vasgestel.

- **Het jy enige vrae?**

Wys dat jy belangstel. Vra vrae oor die skool self of oor geleenthede vir groei. Maak seker dat die pos ook aan jou behoeftes voldoen.

Belangrike dokumente en inligting

- Maak seker jy ken die tydstoedeling per vak, LAIP (Learner Attainment and Improvement Plan) en SIP (School Improvement Plan)
- Kyk na die QMS se prestasie standaarde. (Bestuur – Standaard 8 - 10)
- PAM - Personnel Administrative Measures
- Basiese Wet op Diensvoordele
- Beledi oor Inklusiewe Onderwys bv. SIAS, White Paper 6

Belangrike afkortings

- LAIP – Learner Attainment and Improvement Plan
- SIP – School Improvement Plan
- SIAS – Policy on Screening, Identification, Assessment and Support
- PAM – Personnel Administrative Measure
- QMS – Quality Measure System
- EGRA - Early Grade Reading Assessment
- SNA - Support Needs Assessment Form

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900



Onthou!


- Dit is goed om voorbereid te wees.
- Wees voorbereid daarop dat jy moontlik 'n les sal moet aanbied.
- Daar is nie 'regte' antwoorde nie. Die onderhoudspaneel se doel is om jou te leer ken.
- Wees eerlik, vol selfvertroue en oortuig die onderhoudspaneel dat jy die beste ding is wat nog met hul skool kon gebeur.
- Wees vriendelik en kyk die mense in die oë!
- Verkoop jouself in die onderhoud.
- Doen vooraf navorsing oor die skool se leuse, visie en misie. Besoek hul webwerf of Facebook-blad.
- Weet vir watter pos jy aansoek doen en watter vakke by die skool aangebied word.
- Wees vriendelik, maar nie familiêr nie.
- Wees vol selfvertroue, maar nie arrogant nie.
- Wees voorbereid met 'n paar vrae wat jy wil vra (jy MOET iets vra, anders kan dit voorkom of jy desperaat is en enige pos sal aanvaar)
- Voornemende werkgewers kyk na jou profiel op Facebook – REGTIG!

Kriteria:

1. Motivering
2. Ondervinding en Ervaring
3. Dissipline en Groepbeheer
4. Kommunikasievaardighede
5. Bestuursvaardighede en Leierskap
6. Menseverhoudings
7. Konflikhantering
8. Spanwerk
9. Buitemuurse aktiwiteite
10. Geheelbeeld

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900



SERVING INCLUSIVE, PUBLIC AND INDEPENDENT SCHOOLS | DIEN INKLUSIEWE, OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE

Inleiding

Stel jouself aan die paneel voor. Gesels kortliks oor: waar u groot geword het, opvoeding, studies, gesin/familie, onderwyservaring en stokperdjies.

1. **Motivering**

Wat weet jy van ons skool en hoekom het jy vir hierdie pos aansoek gedoen? Die onderwysstelsel het die afgelope aantal jare baie verander. Wat motiveer jou om steeds vir 'n onderwyspos aansoek te doen?

2. **Ondervinding en Ervaring**

Die vakvereiste vir die vakante pos is _____ en _____. Ons bied Engels HT en Engels EAT aan. Wat is jou ervaring in die bogenoemde vakke?

3. **Dissipline en Groepbeheer**

Wat is jou siening van algemene dissipline in ons skole? Hoe sal jy te werk gaan om goeie dissipline in groot klasgroepe van bo 40 leerders te handhaaf?

4. **Kommunikasievaardighede**

Die vrae moet in Engels en Afrikaans beantwoord word

Sluit vandag nog aan | Join today

012 436 0900